


2D Meetkunde


Klassifiseer driehoeke

1. Klassifiseer die volgende driehoeke volgens hul hoeke en hul sye. Die eerste een is reeds gedoen.




Hoeke: stomphoekige driehoek

Sye: ongelyksydige driehoek




Hoeke: _____

Sye: _____




Hoeke: _____

Sye: _____




Hoeke: _____

Sye: _____



Hoeke: _____

Sye: _____



Hoeke: _____

Sye: _____

2. Pas die beskrywing in Kolom A by die gegewe hoeke of sye in Kolom B.

Kolom A		Kolom B	
a)	skerphoekige driehoek	i)	Hoeke: 20°; 70°; 90°
b)	gelyksydige driehoek	ii)	Sye: 4 cm; 7 cm; 70 mm
c)	stomphoekige driehoek	iii)	Hoeke: 70°; 30°; 80°
d)	nie 'n driehoek nie	iv)	Sye: 6 cm, 70 mm, 8 cm
e)	ongelyksydige driehoek	v)	Hoeke: 10°; 140°; 30°
f)	gelykbenige driehoek	vi)	Sye: 6 cm; 1 cm; 7 cm
g)	reghoekige driehoek	vii)	Hoeke: 60°; 60°; 60°

Antwoorde	
a)	_____
b)	_____
c)	_____
d)	_____
e)	_____
f)	_____
g)	_____

3. a) Waar of Onwaar: Dit is onmoontlik om 'n gelyksydige reghoekige driehoek te konstrueer.

b) Verduidelik jou antwoord.

2D Meetkunde

Klassifiseer vierhoeke

1. Gebruik die woorde aan die regterkant om die eienskappe van vierhoeke te voltooi.

- a) Die som van die [] hoeke van 'n vierhoek is 360° .
- b) Die teenoorstaande sye van parallelogramme is [] en gelyk.
- c) Die teenoorstaande sye van 'n ruit is parallel en [] .
- d) Die teenoorstaande [] van parallelogramme en ruite is gelyk.
- e) Reghoeke en ruite is spesiale soort [] .
- f) 'n [] is 'n spesiale soort reghoek en ruit.
- g) Die grootte van elke hoek van 'n [] en 'n vierkant is 90° .
- h) Die vier [] van 'n vierkant en 'n ruit is almal gelyk.
- i) 'n [] het een paar teenoorstaande sye ewewydig.
- j) 'n Vlieër het twee pare [] sye gelyk.

aangrensende
hoeke
gelyk
binne
ewewydig
parallelogramme
reghoek
sye
vierkant
trapesium

2. a) Teken klein diagramme van die gegewe vierhoeke in die meegaande table.

b) Merk JA (✓) of NEE (✗) in elke blokkie.

	Diagram	Naam	Al vier sye gelyk	Alle hoeke regte hoeke	Twee pare teenoorstaande sye parallel
a)		parallelogram			
b)		reghoek			
c)		ruit			
d)		vierkant			

3. Teken 'n trapesium en merk al die eienskappe van die sye en die hoeke.

4. Teken 'n vlieër en merk al die eienskappe van die sye en die hoeke.

